# Boekbesprekings/Book Reviews

**J. Burman: *The Table Mountain Book.*** Human en Rousseau. Kaapstad, 1991. 192 pp. Geïll. R79,99 (inklusief). ISBN 0798129182.

Met Tafelberg as fokuspunt dek die skrywer 'n bonte versameling van onderwerpe in een boek.

'n Inleidende hoofstuk skets op fragmentariese wyse die ervarings van verskillende Europeërs wat die berg geklim het. Hy begin met die Portugese admiraal, Antonia de Saldanha, se bestyging in 1503 en eindig met die poging van 'n Britse vlootoffisier, James Holman, in 1829, om die berg te perd uit te ry.

Hierna behandel hy in detail die geologie van Tafelberg, asook die rol wat dit gespeel het in die voorsiening van water aan Kaapstad. Mynboubedrywighede in die omgewing word in 'n aparte hoofstuk behandel. Die ontstaan van die Bergklimklub van Suid-Afrika vanaf 1891 tot 1991 word vervolgens beskryf. Die verkenning van die grotte van Tafelberg en die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Speleologiese Vereniging word op gesellige trant voorgedra. 'n Volledige beskrywing van die geskiedenis van die bekende sweefspoor word gegee. 'n Hoofstuk oor die verdedigingswerke is 'n weergawe van reedsbekende feite oor vestingswerke wat met verloop van tyd teen die berg opgerig is. Aan die einde van die boek gaan die skrywer oor om met bypassende roetekaarte die verskillende staproetes van Tafelberg en omgewing te beskryf.

Soos met van sy vorige werke maak die skrywer gebruik van 'n medeskrywer. In hierdie geval het dr. Douglas Hey, kenner op die gebied van natuurbewaring, twee deeglike hoofstukke oor die flora en fauna geskryf. Hy het ook die slothoofstuk oor die bewaring van Tafelberg voorsien.

Alhoewel die boek dus nie uitsluitlik histories van aard is nie, bevat dit tog minderbekende gegewens wat vir die plaaslike geskiedenis van belang is. In dié verband word verwys na die reedsgenoemde hoofstuk oor mynboubedrywighede waar Van Riebeeck se pogings om vir silwer te prospekteer, beskryf word, en die stigting van die *Lion's Head Gold Mining Company* in 1887 aandag geniet. Ewe boeiend is die gedeelte wat handel oor die verskillende damme en waterleidings wat vanaf die ontstaan van die nedersetting tot vroeg in die twintigste eeu op en in die omgewing van Tafelberg gebou is.

Die werk is van 'n deeglike indeks voorsien en het selfs 'n bibliografie wat volgens die onderskeie hoofstukke ingedeel is. Die illustrasies, waarvan sommige in kleur is, verhoog nie alleen die aantreklikheid van die boek nie, maar is ook goed by die teks geïntegreer. In sommige gevalle word minderbekende foto's uit die navorsingsversamelings van die Suid-Afrikaanse Biblioteek en die Kaapse Argiefbewaarplek gebruik.

Human en Rousseau moet gelukgewens word. Die tipografie is van 'n hoë gehalte. Dit ten spyt ontstaan die vraag of die aangeduide prys van byna R80,00 per eksemplaar vir 'n oorwegend populêre werk werklik geregverdig kan word.

**Anton Roux**
*Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum*

**T.R.H. Davenport: *South Africa: a Modern History.*** (Fourth Edition). Macmillan, London, 1991. 662 pp. Prys onvermeld.

Hierdie standaardwerk van Rodney Davenport het sedert 1977 alreeds vyf herdrukke van vier uitgawes beleef, en word deur resensente as een van die gesaghebbendste algemene geskiedeniswerke oor Suid-Afrika beskou. Hierdie omvangryke verhaal van die Suid-Afrikaanse geskiedenis strek vanaf die prehistoriese tye tot Maart 1990.

Hierdie boek bestaan uit twintig hoofstukke wat in twee dele met drie afdelings elk saamgestel is. Die eerste deel, wat oor die tydperk tot 1910 handel, word op 228 bladsye in nege hoofstukke beskryf. Hierdie eerste deel kan seker as 'n historiese agtergrond beskou word vir die tweede deel wat oor die twintigste eeu handel. Die verhaal oor hierdie moderne tydperk word in elf hoofstukke of te wel 329 bladsye behandel. Vir die periodisering van die verhaal word politieke tydperke gevolg: 1652, 1795, 1835, 1902, 1910, 1924, 1933, 1948, 1960, 1964, 1978, 1990. Hierdie indeling veroorsaak byvoorbeeld dat die ekonomiese ontwikkeling (hoofstuk 19) nie as 'n integrale deel van die verhaal behandel word nie.

Die vinnige tempo van ontwikkeling in die resente Suid-Afrikaanse geskiedenis en geskiedskrywing is grootliks vir die vierde hersiening van hierdie boek verantwoordelik. In elk van hierdie uitgawes het Davenport die basiese samestelling van sy werk onveranderd gelaat. Die tweede uitgawe van 1978 is weinig hersien. In die derde uitgawe van 1987 is bykans elke hoofstuk hersien en die verhaal tot 1985 bygewerk. Hierdie vierde uitgawe is soos die tweede uitgawe nie veel hersien nie. Davenport het sy verhaal met vier jaar verleng en plek-plek nuwe perspektiewe ingewerk.

Die omvang van die hersiening in hierdie vierde uitgawe is beperk. In die eerste hoofstuk, wat oor die vroeë geskiedenis handel, is die jongste interprestasies oor die land se prehistoriese geskiedenis en die mfecane-tydperk bygewerk. Hoofstukke 17 en 18, wat oor die tydperk 1945-1990 handel, bevat die neerslag van die ontwikkeling vanaf Januarie 1986 tot met die vrylating van mnr. Nelson Mandela en die onafhanklikwording van Namibië. Hoofstuk 19 (die ekonomiese ontwikkeling) bevat enkele nuwe paragrawe oor die KSOK, resente arbeidsgeskiedenis, massaoptredes en geweld. Hoofstuk 20, wat oor 'n ontleding van die apartheidsamelewing handel, bevat eweneens enkele bywerkings. Die bylaes en aanvullende leesstof is ook bygewerk.

Gesien teen die agtergrond van die historiese mylpale (Februarie en Maart 1990) wat Davenport gekies het om sy verhaal te beëindig, hang hoofstuk 20 in die lug. Dit kon eerder by die eerste twee afdelings van deel twee geïnkorporeer gewees het. 'n Stewiger sintese oor die afsluiting van hierdie era uit die pen van die doyen van die